Dinsdag **30 Januarie**

**Skrifgedeelte: Maleagi 3:1-5**

**Fokusgedeelte: Maleagi 3:1-5 (AFR2020)**

**Die Here louter jou met vuur om jou hoop te veredel, nie te verydel nie**

Nes jy dink dit kan nie slegter nie, kry jy nog slegter nuus! So was dit die geval met die teruggekeerde Joodse ballinge. Dit gaan sleg met die landbou. Daar is droogte. Mense raak hooploos, roekeloos. Help dit nog om die Here te dien?

Nou hoor hulle die ergste kom nog. Die oordeel van die HERE begin by die huis van die HERE, nie by die goddelose van die land nie! Maar let op: dis ’n oordeel wat reinig, suiwer. Dis nie ’n oordeel wat straf, vernietig nie. God louter sy kerk om haar te suiwer. Sy is sy kosbare eiendom soos silwer. Silwer word nie deur vuur vernietig nie, maar gesuiwer. Hy louter sy kerk om haar hoop te veredel, nie te verydel nie.

Met die goddelose is dit anders. Hulle is soos kerswas, kaf in God se vuur. Niks bly oor as sy vuur met hulle klaar is nie.

Met hierdie uitspraak kry die volk ook ’n profetiese blik op die koms van Christus. Sy eerste koms is dié van ’n herder wat sy lewe aflê vir sy skape. Sy tweede koms is dié van ’n regter wat oordeel, wat al ons werke beoordeel, of dit goed was of sleg. Tegelyk is Hy die Bruidegom wat sy stralende bruid in ontvangs neem. Die bruid is die kerk wat deur baie loutering in God se koninkryk gekom het. God het haar hoop veredel, nie verydel nie.

Ook jy is kosbare eiendom van God, duur gekoop met die bloed van Christus. Daarom sal die Here jou louter tot jy uiteindelik so volmaak en volwasse soos Christus is. Onthou: die Here louter jou om jou hoop te veredel, nie te verydel nie!

*Sing: Skrifberyming 2-4:1-3*

*Ds. SP (Sollie) Vermaak (Pietermaritzburg)*